**H/v Ensign & Meteorstr.**
**AIRFIELD**

Posbus 1405
BENONI
1500

Die doel van Pre-primêre onderwys is om die harmonieuse ontwikkeling van die kleuter ten opsigte van sy geestelike, fisiese en intellektuele welsyn, sowel as sy sosiale, estetiese, morele en Godsdienstige waardes te bevorder.

Daarom word u en u kleuter hartlik verwelkom. Ons hier by die skool wil u verseker dat ons alles in ons vermoë gaan doen om 'n vriendelike en gelukkige atmosfeer vir u en u kind te skep waarbinne hy/sy kan ontwikkel tot volle potensiaal.

U as ouer bly die primêre opvoeder van u kind. Saam met ons as onderwysers vorm ons 'n vennootskap waarbinne u kind moet ontluik. Om dit te kan bereik moet u as ouer bemoeienis met u kind maak en in sy lief en leed belangstel. U mag nooit u verantwoordelikheid as primêre opvoeder ontduik nie. Leer u kind om te luister, goeie maniere te hê en sy plig of verantwoordelikheid na te kom. Al is dit hoe gering is dit belangrike boustene vir die toekoms. Ons as skool sal u daarin ondersteun en dit uitbou. U word ook vriendelik uitgenooi om enige probleme of hoogtepunte van u kind met ons te deel.

Hoof

**Naomi Geeringh**

Ons skool se telefoonnommer is: O11 849-4411

E-POS ADRES: onseiekleuterskool@telkomsa.net

Ons is enige tyd tot u beskikking!

Skakel gerus as u probleme ondervind of inligting verlang.

## INHOUDSOPGAWE


1. STRUKTURERING VAN DIE KLEUTERSKOOL ..... 2
2. SKOOLKALENDER VIR 2018 ..... 3
3. OPENBARE VAKANSIEDAE – 2018 ..... 3
4. BELANGRIKE DATUMS EN INLIGTING ..... 4
5. BENODIGDHEDE ..... 4
6. SKOOLDRAG ..... 4
7. ALGEMENE INLIGTING ..... 5
8. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE ..... 7
9. NASKOOLSENTRUM ..... 7
10. OMSENDBRIEWE ..... 7
11. SNOEPWINKEL ..... 7
12. SKOOLGELD ..... 7
13. BEHEERLIGGAAM ..... 7
14. DAGPROGRAM ..... 8
15. WEEKPROGRAM ..... 8
16. VAKANSIEPROGRAM ..... 9
17. SPYSKAART ..... 9
18. OPVOEDING ..... 10
19. DOELWIT WAT ONS NASTREEF ..... 10
20. SKOOLGEREEDHEID ..... 11
21. BABAGROEP ..... 18

2.. STRUKTURERING VAN DIE KLEUTERSKOOL 3.

2. SKOOLKALENDER VIR 2018

| EERSTE KWARTAAL | TWEEDE KWARTAAL | DERDE KWARTAAL | VIERDE KWARTAAL |
|---|---|---|---|
| 17 Januarie | 10 April | 17 Julie | 9 Oktober |
| 28 Maart | 22 Junie | 28 Sep | 12 Desember |

## 3. OPENBARE VAKANSIEDAE – 2018

| DATUM | VAKANSIE DAG |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregte dag |
| 30 Maart | Goeie Vrydag |
| 2 April | Gesinsdag |
| 27 April<br>30 April | Vryheidsdag<br>Skoolvakansiedag |
| 1 Mei | Werkersdag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| | |
| 9 Augustus | Nasionale vrouedag |
| 10 Augustus<br>24 September | Publieke vakansiedag<br>Erfenisdag |
| | |
| 16 Desember<br>17 Desember | Versoeningsdag<br>Publieke vakansiedag |
| 25 Desember | Kersdag |

**Skoolvakansiedae**

30 April, 10 Aug 2018

4. BELANGRIKE DATUMS EN INLIGTING 4.

| | |
|---|---|
| 17Januarie 2018<br>**EERSTE SKOOLDAG** | Die skool begin om 08:00.<br>Personeel is egter reeds beskikbaar vanaf 07:15.<br>Kleuter se naam sal op naamlyste verskyn onder die betrokke onderwyseres waar hulle ingedeel is<br>Benodigdhede vir eerste skooldag :<br>•1 Kospakkie vir 10:00<br>•2 Ekstra klere<br>•3 Naamkaartjie met besonderhede |
| Vroeg in Februarie<br>**OUERAAND** | U teenwoordigheid is baie belangrik en dit sal waardeer word |
| **ANDER JAARLIKSE FUNKSIES** | Damestee/Modeparade<br>Pretloop<br>Konsert<br>Diplomaplegtigheid<br>Oupa- en Oumadag |

## 5. BENODIGDHEDE

'n Inskrywingsfooi van R530-00 word gehef en dit sluit in 'n skryfbehoeftepakkie wat die onderwyseres in die klas sal gebruik, asook 'n "Ons Eie" T-hempie.

Die registrasiefooi sal ongelukkig nie terugbetaalbaar wees nie.

## 6. SKOOLDRAG

Trek u kleuter gemaklik aan skool toe, dit wil sê speelklere wat kan vuil word. Maak seker dat u kind se klere nie agterbly by die skool nie. Stuur asseblief 'n tassie met spaarklere saam skool toe. Op 'n dag benodig ons dalk droë of skoon klere vir u kleuter.

Maak seker dat u kind se klere duidelik gemerk is. Stuur gerus 'n hoedjie saam vir die son en sonskerm.

Verlore klere moet aangeteken word in "verlore klere boek".

Die kleuterskool kan ongelukkig nie aanspreeklikheid aanvaar vir verlore klere nie. Maak dus seker dat u kind se klere nie agterbly by die skool nie. Indien dit wel gebeur word dit in die "verlore klere" houer geplaas. Onopgeëisde klere sal aan die einde van elke

kwartaal aan ‘n liefdadigheidsorganisasie geskenk word.

Kinders dra op Vrydae hul “Ons Eie” T-hempies waar moontlik.

**BAIE BELANGRIK : MERK ASSEBLIEF ALLE KLEDINGSTUKKE**

## 7. ALGEMENE INLIGTING 5.

### a) Verjaardae

‘n Verjaardag is ‘n groot gebeurtenis in die lewe van elke kind.

Indien u by die skool iets te ete vir die kleuters wil aanbied, is u baie welkom om ‘n verjaardagpakkie op te maak vir elke kleuter in die klas, of bespreek dit met die klasonderwyseres, wat die beste sal weet vir die betrokke klas.

### b) Uitstappies

Uitstappies word deur die skool onderneem. ‘n Toestemmingsbrief word aan elke ouer gegee voor elke uitstappie en moet voltooi en teruggestuur word.

Daar word gebruik gemaak van opvoedkundige groepe wat die kleuters by die skool kom besoek, maar soms gebeur dit dat ons die kleuters uitneem waarvoor ons dan ‘n toestemmingsbrief nodig het.

Hoewel veiligheidsmaatreëls getref word, kan die skool nie verantwoordelik gehou word vir enige gebeurlikhede nie.

### c) Aansoek Om Toelating

i. Aansoeke geskied elke jaar vanaf Augustus vir die volgende jaar. Daar moet elke jaar vir elke kleuter opnuut aansoek gedoen word, al is sodoende kleuter reeds by die skool ingeskryf.

ii. Gedurende September sal die hoof die ouers verwittig of die kleuter toegelaat kan word, en van watter datum hy/sy die skool mag bywoon.

### d) Waglys

‘n Waglys word gehou vir die betrokke jaar vir vakatures wat in daardie jaar mag ontstaan – “so doen betyds aansoek”!

### e) Skoolbesoek

i. ‘n Kleuter wat ingeskryf is, behoort die skool gereeld by te woon om werklik voordeel te trek uit die opvoedkundige program.

ii. Indien ‘n kleuter afwesig is, laat ons asseblief weet.

iii. Moet nie u kleuter te gou skool toe stuur nadat die kind ‘n aansteeklike siekte gehad het nie.

iv. Moet nooit u kind onnodig tuis hou nie.

### f) Oueraande

Sal twee keer per jaar gereël word. Doen asb. moeite om hierdie byeenkoms by te

woon. Dit is alles in belang van u kind en uself.

**g) Rapporte** **6.**

U sal twee keer per jaar ‘n vorderingsverslag van u kleuter kry asook ‘n aanpassings verslag aan die begin van die jaar. Bespreek alle sake rakende u kleuter met die groepsonderwyseres.

**h) Amptelike Tyd**

Kleuters mag gebring word vanaf 07:00. Daar sal ‘n personeellid reeds om 07:00 aan diens wees vir die ouers wat vroeg begin werk.

Die dagprogram begin om 08:10. Moet asseblief nie u kleuter later inbring nie aangesien dit steurend inwerk op die res van die groep wat dan al besig is. Geen kleuters mag voor 07:00 by die skool afgelaai word nie.

**KLEUTERS MAG NIE BY DIE HEK OF MOTOR GELOS WORD NIE, MAAR MOET NA SY/HAAR SPEELKAMER GENEEM WORD, EN WEER DAAR GEHAAL WORD.**

Kleuters kan gehaal word vanaf 12:45. Indien u probleme het met die tyd, bespreek dit asseblief met die hoof. Om 14:00 vertrek die personeel. Die middagpersoneel neem dan die kleuters oor vir die res van die dag totdat die skool om 17:30 sluit.

Geen halfdag kleuters mag na 14:00 gehaal word nie.

**i) Eetgoed – oggend en middagverversings**

**OUERS MOET ASSEBLIEF VIR DIE KLEUTERS HUL EIE GESONDE KOSPAKKIE SAAMGEE SKOOL TOE (GEEN LEKKERS EN KOELDRANK ASSEBLIEF)**

Die onderwyseres sal dit dan op ‘n veilige plek bêre tot verversingstyd.

**MERK ASSEBLIEF DIE KOSBLIKKIE BAIE DUIDELIK MET U KLEUTER SE NAAM**

Die skool voorsien middagete aan al die kleuters asook koeldrank deur die loop van die dag.

**j) Speelgoed**

Die skool kan nie verantwoordelikheid vir enige persoonlike speelgoed aanvaar nie.

Moet asseblief GEEN speelgoed skooltoe stuur nie.

**k) Medisyne**

Voor die ingang van die kombuis is daar ‘n medisynekas waar u die kleuter se medisyne vir die spesifieke dag kan laat. Vul net al die instruksies in die medisyneboek in nl. naam, tipe medisyne. Medisyne word daagliks om 12h00 gegee. Merk asseblief die medisyne deeglik en plaas dit in ‘n plastiese houer met ‘n medisyne lepel. Antibiotika kan in die yskas gebêre word word indien nodig. U kan die medisyne weer op die plek afhaal waar u dit die oggend gelaat het. Ons kan

ongelukkig nie medisyne gee as dit nie in die boek aangeteken is nie. Moet asb. Geen medisyne in u kleuter se tassie los nie. Sou u kind beseer of siek word by die skool en u is nie beskikbaar om u kind te kom haal nie, het ons spesiale toestemming nodig om die kind na die naaste dokter of hospitaal te vervoer. Ons vra dat u asb. die toestemmingsvorm sal voltooi en tesame met 'n afskrif van u kind se immuniseringskaart en mediesefondskaart sal saamstuur.

**l) Riglyne vir siek kinders:**

**Indien die kind een van die volgende het, moet hy/sy liefs tuis gehou word om sodoende nie die ander kinders in gevaar te stel nie:**

1 **Onbeheerbare diarree**
2 **Mondsere**
3 **"Pink Eye" (24 uur na behandeling)**
4 **Kopluise (tot 24 uur na behandeling)**
5 **Enige aansteeklike siektes. Kleuter mag alleenlik terugkeer met geskrewe mediese toestemming.**
6 **Koors van meer as 38.5℃ met ander simptome van siekte.**

**m) Immuniseringskaart**

Dit is 'n vereiste van die Gesondheidsdepartement dat ons 'n afskrif van u kleuter se immuniseringskaart op lêer moet hê. Ons vra dat u dit asseblief sal saambring sodra die skole begin.

## 8. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

Maandae – Netbal
Dinsdae - Kinderkinetika/ Hip-Hop/ KinderMusiek
Woensdae -Gym Kids
Donderdae – Ballet/Rugby
Vrydae – Rekenaars,Wiskunde(C Maths)

## 9. NASKOOLSENTRUM

Die middagpersoneeel sien om na die kleuters. Die diens is slegs vir ingeskrewe kleuters.

## 10. OMSENDBRIEWE

Ons manier van kommunikasie met die ouer is deur middle van E- posse en Whattsapp groepe.

## 11. SNOEPWINKEL

Daar is Dinsdae en Vrydae snoepie beskikbaar. Stuur gerus 'n geldjie saam.
Geld moet inbetaal word by klasonderwyser. bv. R24.00 maar versprei sodat die kleuter R6.00 per dag kan spandeer. Ons gee slegs goeie snoepie (geen onbekende/goedkoop lekkers en skyfies)

## 12. SKOOLGELD 8.

Sonder skoolgeld kan geen skool die mas opkom nie en sal standaarde verlaag. Skoolgeld word aangewend om alle onkostes van die skool te betaal, onder andere: salarisse, telefone, munisipale heffings, assuransie, handboeke, geboue- en terreininstandhouding en skoonmaakmiddels. Skoolgeld word periodiek na gelang van behoeftes vasgestel en aan die begin van die jaar word ouers daarvan in kennis gestel. Die skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand. Indien die skoolgeld meer as twee (2) maande agterstallig is, sal die verantwoordelike persoon kennis gegee word.

***Geen skoolfonds wat reeds geboekstaaf is kan ongelukkkig terugbetaal word nie.***

***ONS VERKIES DAT SKOOLGELDE DIREK IN DIE SKOOL SE REKENING INBETAAL WORD AANGESIEN ONS DIE RISIKO OM GELDE BY DIE SKOOL TE HOU WIL UITSKAKEL. HANDIG ASB. BEWYS VAN BETALING BY KANTOOR IN. PLAAS ASB. U KIND SE NAAM AS VERWYSING. GEEN ANDER GELDE BV. BUITEMUURS, FOTO'S, SNOEPIE ENS. MOET BY DIE SKOOLGELDE IN DIE REKENING INBETAAL WORD NIE. DAAR IS KASSIES AANGEBRING VIR DIT.***

**BANKBESONDERHEDE**

Absa Benoni
Rek: 220600440
TAK KODE: 630-242

**NAAM EN VAN VAN KIND AS VERWYSING**

## 13. BEHEERLIGGAAM

Bestaan uit sewe lede, bestaande uit Ouers, oud-ouers en die hoof en word vir 'n termyn van twee jaar aangewys.

## 14. DAGPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | 07:15 | Aankoms en ontvangs<br>Vryspel binne |
| | 08:00 – 08:10 | Opening, Bybelliedjies en gebed |
| | | Gerigte aktiwiteit:<br>Nuusbespreking, Tafelbespreking, Wetenskap, Persepsie, Versies, Engelse les |
| **2.** | 08:10 | Kunsaktiwiteit/Binnespel |
| | 08:30 | Selfgekose spelaktiwiteite: |
| | | Gerigte kunsaktiwiteite, opvoedkundige spelmateriaal, legkaarte, konstruksiespeelgoed, lego's, boublokke, boeke, fantasiehoekies, deegspel, ens. |
| | 09:50 – 10:15 | Opruim en toiletroetine |
| **3.** | 10:15 – 10:40 | Gerigte aktiwiteit:<br>Musiek en bewegingspele, Ontwikkelingspele, Aanleer van liedjies, Slagorkes en Verjaardagkring |
| **4.** | 10:40 – 11:00 | Handewas<br>Ligte verversings |
| **5.** | 11:00 – 12:15 | Buite – Selfgekose aktiwiteite:<br>Sandspel, Waterspel, Pophuis, Waentjies, Fietse, Houtwerk, Gerigte aktiwiteite |
| **6.** | 12:15 – 12:30 | Toiletroetine |
| | 12:30 – 13:00 | Ete |
| | | Stories nl. |
| | | Bybelverhaal, Poppespel, Dramatisering, Realistiese of Fantasie verhaal |
| **7.** | | Rus<br>Vertrek van kleuters |
| | | Middag personeel neem verantwoordelikheid en toesig oor. |

## 15. WEEKPROGRAM

Maandag: Buitemuurse aktiwiteit
Dinsdag: Buitemuurse aktiwiteit
Woensdag: Buitermuurse aktiwiteit
Donderdag: Buitemuurse aktiwiteit
Vrydag: Poppespel / Bak en brou/Buitemuurse aktiwiteit

16. VAKANSIEPROGRAM

Gedurende vakansies word die kleuters versorg deur die middag- en vakansiepersoneel onder toesig van me. Hofmeyr

**a) Program**

| | |
|---|---|
| 07:30 | Ontvangs van kleuters |
| 08:00 | Begin met program |
| | Opening en sing van Christelike liedjies |
| | Maak van skeppende aktiwiteite |
| 09:30 | Vertel storie en sing liedjie |
| | Toiletroetine |
| 10:00 | Verversings |
| | Buitespel onder toesig |
| 12:00 | Toiletroetine |

Gedurende die vakansie word die skool ook deeglik skoongemaak. 9.

## 7. SPYSKAART 10.

| DAG | OGGEND VERVERSINGS | MIDDAGETE | MIDDAG VERVERSINGS |
|---|---|---|---|
| **Maandag** | | Macoroni en kaas<br>*of*<br>Pasta Alfredo | Grondboontjiebotter en stroop toebroodjies vrugtesap |
| **Dinsdag** | | Hoender al la King<br>Hoender casarole<br>groente | Smeerkaastoebroodjies Vrugtesap |
| **Woensdag** | | Pap en wors<br>Kaaspasteie en Kapokaartappels | Konfyt toebroodjies Vrugtesap |
| **Donder Dag** | | Visvingers/ Skyfies<br>Spaghetti Bolonaise | Marmite toebroodjies Vrugtesap |
| **Vrydag** | | Worsbroodjies<br>*of* Vetkoek | Smeerkaas toebroodjies melkskommel |

Gedurende die wintermaande word die vrugtesap vervang met milo, koffie, tee, of sop.

## 18. OPVOEDING

### a) Opvoeding in die skool

Die kleuterskool voed beslis ook op. Die kleuterskool is 'n opvoedkundige inrigting en sal nie sy opvoedingstaak ontduik nie. Ons is hier om u te ondersteun en op te voed aan daardie aspekte wat die snelontwikkelende laerskool van u kind gaan vereis.

U as ouer kan verseker wees in die wete, dat die opvoeding en onderwys van u kind, na gelang van u kind se aanleg, vaardighede en vermoë, van hoogstaande gehalte sal wees. Elke onderwyser verbonde aan ons kleuterskool is deur u skool se Bestuursliggaam geselekteer. Christelike beskouing bly die hoeksteen van ons kleuterskool en word deur elke onderwyser positief uitgeleef.

### b) Eise van die skool

Die onderwysers verwag dat u kind goeie maniere sal hê, gedissiplineerd sal wees en goeie gedrag sal nastreef. Die kleuterskool verwag betrokkenheid deur die ouer. Daar word van u as ouer verwag om intens belang te stel in die kleuterskool en al sy bedrywighede. Die kleuterskool kan onmoontlik nie sy taak na behore uitvoer sonder die totale harmonieuse samewerking van u as ouer nie. Betrokke ouers het betrokke kinders, maar die teenoorgestelde is ook waar. As u kind sien



dat u nie belangstelling in sy skool en sy aktiwiteite het nie, verloor hulle ook belangstelling in hulself.

## 19. DOELWIT WAT ONS NASTREEF

Die doelwit wat ons wil bereik is uiteindelike skoolgereedheid van die kleuter.

***Wat behels skoolgereedheid?***

Hier is vir u 'n kort weergawe van die doelwit wat ons as onderwysers en u as ouers moet nastreef.

## 20. SKOOLGEREEDHEID

Liewe Ouers,

Hierdie is seker een van die grootste probleme waarmee u tans worstel. Om u hierin by te staan het ons vir u 'n handleiding opgestel waarin ons saam met u wil hande vat tot voordeel van u kind. Sodoende wil ons poog om vir u leiding te gee oor wat u kind nodig het vir gesonde groei en ontwikkeling van liggaam en gees. Onthou net asseblief: U kind is 'n unieke individu. Gevolglik sal sy/haar ontwikkelingstempo en vermoëns verskil van die van ander kinders, dus moet hierdie handleiding derhalwe as riglyn beskou word. Indien u kleuter merkbaar afwyk van die riglyne wat hier gestel word, kan u dit openlik met die

klasonderwyseres bespreek.

**a) Wat is skoolgereedheid?**

Dit is die begrip wat bepaal of u kind gereed is vir skool (formele onderrig) of nie. Skoolgereedheid kan aangehelp word en daar is niks geheimsinnigs omtrent die begrip nie. Dit het te make met al die aspekte van ‘n kind se wese.

Die ontwikkelingsvlak van u kind by skooltoelating kan as volg beskou word.

i Liggaamlik

- Moet trui self kan aan- en uittrek;
- Behoort alleen toilet toe te kan gaan;
- Behoort self skoenrieme te kan vasmaak;
- Behoort fisies sterk en gesond genoeg te wees om ‘n gewone skooldag by die skool te kan deurbring sonder om onnodig uitgeput te raak;
- Moet kan klim, klouter, hardloop, spring, galop en huppel;
- Behoort liggaamdele te ken, hulle te kan uitwys en benoem en te weet wat hulle funksie is;
- Behoort basiese inligting oor homself te ken, bv. sy naam, wie sy ouers is, sy adres, telefoonnomeer, waar ouers werk.

ii Taalontwikkeling

- Behoort in verstaanbare taal met sy onderwysers en maatjies te kan kommunikeer;

  12.
- Behoort opdragte wat gegee word te kan uitvoer bv. “bêre jou tas,” ens.

iii Emosionele ontwikkeling

- Die kind moet positiewe gevoelens oor homself koester, opdragte met selfvertroue kan uitvoer en tussen reg en verkeerd kan onderskei;
- Moet genoeg selfbeheersing aan die dag lê wat verhoed dat woede uitbarstings plaasvind of dat daar vir die geringste ou dingetjie in trane uitgebars word.

iv Sosiale ontwikkeling

- Moet kan vriende maak en met ander kinders van dieselfde ouderdom kan speel;
- Moet homself tussen ander kan handhaaf maar gedrag moet vir ander aanvaarbaar wees.

v Handvaardighede

- Behoort met blokkies of legkaarte te kan bou en dinge van klei te kan maak;
- Moet al teken (eenvoudige tekeninge);
- Viltpenne en verf behoort ou bekendes te wees;
- Behoort ‘n skêr veilig te kan hanteer en dit te gebruik om verskillende vorms uit te knip;
- Behoort ten opsigte van bogenoemde aktiwiteite ‘n sekere mate van kreatiwiteit en oorspronklikheid aan die dag te lê en nie uitsluitlik op die

ouer of onderwyser staatmaak vir hulp en leiding nie.

vi Oog- en spierkoördinasie

- Moet ‘n bal kan vang en skop.

vii Grootte van voorwerpe

- Moet voorwepe in hul ware perspektief kan sien soos die verskille in GROOTTE en AFSTAND en of so ‘n voorwerp STILSTAAN of BEWEEG.

b) Spel

Een van die mees effektiewe wyses waarop kinders van hulle veranderde wêreld leer, is deur spel. Spel stimuleer denke. Daar is nie ‘n eindproduk in kinderspel nie; dit gaan vir hulle oor die deelname. Spel is die belangrikste aspek in ‘n kind se lewe. Hy beweeg om te leer, maar leer ook om te beweeg. Hulle moet die genot ervaar om iets aanmekaar te sit en om dit uitmekaar te haal, om iets te gooi en te vang. Om u te help, word die wyses hieronder aangedui:

i Funksionele spel

- Laat hom aksies naboots, bv. spring, rol ens.
- Verbeeldingspel bevorder veral verstandelike ontwikkeling.

ii Konstruktiewe spel

- Bou met blokkies, lego of legkaarte aanmekaar sit;
- Die feit dat hy iets “gemaak” het, gee aan hom selfvertroue
- Laat hom voorgestelde modelle naboots en soms sy eie konstruksies ontwerp;



- Moenie halfvoltooide bouwerk opbreek en wegpak nie.

iii Fantasie- of rolspel

- Laat hom volwassenes, ander kinders of karakters uit verhale naboots;
- Geniet u kind se rol- en fantasiespel saam met hom indien hulle u daartoe uitnooi;
- Neem ‘n foto veral as hulle kostuums dra;
- Hulle moet aangemoedig word om “konsert” te hou, vir hulleself of vir u die ouer.

iv Speletjies met reëls

- Ludo, domino, slangetjies en leertjies;
- Hy moet leer om sy optrede, gedrag en emosies te beheer.

v Teken

- Moenie inmeng en wys hoe, tensy u kind om hulp vra nie;
- Prys sy pogings en moenie kritiseer nie;
- Skryf sy naam op sy “kunswerke” en stal dit uit teen die yskas of in sy kamer.

vi Artikels en modelle

- Bv. knip- en plakwerk met afvalmateriaal soos dosies, papier, lap, wol, ens.
- Stal dit uit op ‘n spesiale plekkie.

vii Fisiese aktiwiteite

- Neem u kind na ‘n speelpark en laat hom klim, swaai, bollemakiesie slaan, ens.
- Prys hom indien hy ‘n bepaalde vaardigheid bemeester;
- Neem ‘n aksiefoto van hom sodat daaroor gepraat kan word.
-

**c) Liggaamlike Ontwikkeling**

Dit behels hoofsaaklik twee aspekte:

Goeie gesondheid

Goeie spierontwikkeling, -koördinasie en liggaamsgroei

i Laat u kind veilig voel

- Moenie hom oorbeskerm deur alles vir hom te doen, vir hom te besluit of namens hom te praat nie;
- Moenie onnodig ingryp en so sy selfvertroue ondermyn wanneer hy bv. boomklim nie. Gryp slegs in indien dit duidelik is dat hy homself gaan beseer.
  Onthou: ‘n Kind leer deur stampe en stote – laat hom toe om te leer!
- Leer hom om bewus te wees van sy eie veiligheid en gevare te vermy soos glasstukke, geroeste staal, gifstowwe, medisyne, ens.

ii Gee hom genoeg kos 14.

- Leer hom GESONDE KOS eet en geniet. (Dit is wêreldwyd bewys dat gesonde kos ‘n kind se verstandsvermoë met tot soveel as 20% verbeter);
- Moenie lekkers of koekies as beloning gee nie;
- Beperk snoephappies tussen-in tot die minimum;
- Laat hy u help om voedsame maaltye voor te berei – (bv. groente sny vir sop ens.);
- Rou groente wat met die hand geëet word is ‘n MOET!

iii Laat u kind aktief besig bly

- Hardloop, springs, klim, teen steiltes afrol, grawe, ry, hang en swaai aan hoë voorwerpe;
- Homself aan-en-uit te trek;
- Moedig hom aan om met modder en water te speel sodat hy kan leer wat is glad en grof (tekstuur);
- Neem hom na ‘n park sodat hy met ander kinders kan speel;
- Speel speletjies veral met ‘n tou of bal;
- Laat u kind vroeg bed toe gaan en LEES VIR HOM ‘N STORIE/ BYBELVERHAAL ELKE AAND VOOR SLAPENSTYD. Dit leer hom taal, sinne en luister. Kinders is lief vir dieselfde storie, lees dit oor en oor;
- Leer hom bid en dankbaar wees vir alles wat hy het.

iv Liggaamshouding

- Leer u kind die korrekte manier van sit, staan, voorwerpe oplig en slaap.

v Apparaat wat fynspierontwikkeling bevorder

- Dun, wastipe kryt en verfkwaste met ‘n dun steel;
- Potlode, kleurpotlode, oliepastelle en viltpenne;
- ‘n Goeie voorraad groot velle papier;
- Rondepuntskêrtjie wat papier ens. kan knip;
- Tydskrifte om uit te skeur en om te knip. (Moet nooit kinders toelaat om uit boeke uit te knip nie);
- Legoblokkies.

vi Wat hy reeds behoort bemeester het?

- Fietsry;
- Belangrikste verkeersreëls ken. (Verkeersligte, voetgangersoorgang, hou links, ens);
- Kan na ‘n winkel gestuur word om iets te koop
-
- Ken die name van strate in sy omgewing;
- Geniet dit om na musiek te luister en self die dvd speler te hanteer;
- Rolspeletjies soos skool-skool en dokter-dokter;
- Die begrippe gister, vandag, môre, agter, voor, bo, onder, langs, hoog, laag, ens.

**d) Taalontwikkeling** **15.**

- Doen doelbewus moeite om u kind se taalontwikkeling te stimuleer;
- Sorg dat u eie taalgebruik keurig is;
- Maak tyd om met u kind te gesels en deel u gevoelens met hom;
- Luister aandagtig na u kind en bied geleentheid vir hom om sy gevoelens met u te deel;
- Leer hom om met aandag en konsentrasie te luister;
- Vra gereeld vrae aan u kind veral waar hy sy mening moet lug en nie net “ja” en “nee” moet antwoord nie;
- Moenie sinne vir hom voltooi nie;
- Korrigeer sy foute deur te sê hoekom hy fouteer het, maar sonder om sy selfvertroue te knou.

i Uitspraak

- Beklemtoon korrekte uitspraak

ii Woordeskat

- Dit kan uitgebou word deur oor ‘n verskeidenheid onderwerpe met hom te gesels, veral dié wat hom interesseer;
- Brei sy ervaringsveld uit deur nuwe voorwerpe te benoem, uitstappies te onderneem na besienswaardighede, ens.;
- Dus, gesels met u kind.

iii Sinsbou

- Wanneer u kind ‘n sin saamstel, kan u onmiddelik woorde byvoeg om te meer te laat klink na ‘n sin wat ‘n volwassene sou gebruik.

iv Taalbegrip 16.

- Onderskei tussen vandag, môre en gister;
- Vra dikwels vrae om bg. begrippe te vestig, bv. “Wat het jy gister gedoen? Wat gaan jy môre doen?”
- Moet opdragte vinnig en korrek uitvoer;
- In staat wees om drie opdragte na mekaar uit te voer, bv. “Bring vir my ‘n snesie, ‘n glas water en trek dan jou trui aan.”

v Gesprekvoering

- U kind moet
  - met ‘n paar maats gelyk kan gesels;
  - inligting aan ‘n groep oordra;
  - sy beurt afwag om iets te sê;
  - onbekende volwassenes nader;
  - van ‘n ander se standpunt kan verskil en standpunt oor ‘n saak inneem.

vi Kreatiewe taalgebruik

- U kan dit verbeter deur u kind aan te moedig om
  - Stories te vertel - veral beskrywende stories. Luister aandagtig na u kind en moedig hom aan om meer te vertel;
  - Vra alledaagse raaisels oor bekende onderwerpe, bv. “Wat in die kombuis is groot, wit en koud?”

vii Voorgrond- en agtergronddiskriminasie

- Dit is die vermoë om voorwerpe op die voorgrond en agtergrond waar te neem en sinvol tussen hulle te onderskei. ‘n Gebrek hieraan lei tot onoplettendheid en ongeordenheid;
- Bespreek prente met baie voorwerpe of figure in en laat u kind sekeres uitwys.

viii Oogfokus

- Laat u kind ‘n karretjie heen en weer stoot terwyl hy sy kop stilhou en die beweging met sy oë volg;
- Lig met ‘n flits teen ‘n muur in ‘n sirkel, horisontaal, vertikaal en diagonaal terwyl u kind dit met sy vinger volg;
- Laat u kind na ‘n voorwerp wat stil voor hom gehou word kyk, terwyl hy sy kop van links na regs, van bo na onder en in ‘n sirkel beweeg.

**e) Ouditiewe persepsie (gehoor)**

Dit het te doen met die bewuswording van klank tot by die analise en verstaan van taal.

i Geheue

- Noem verskillende bekende kleure, diere of vrugte op, eers soos hy dit

onthou en later in die volgorde soos dit genoem is;

- Verskillende getalle of telefoonnommers word genoem en die kind moet dit korrek herhaal;
- ‘n Storie word vertel en die kind moet dit direk daarna, asook die volgende dag of ‘n week later, kan herhaal. 17.

ii <u>Klankkonstantheid</u>

- Die kind luister na, bv. ‘n opname en elke keer as hy ‘n spesifieke woord (bv. skaap) hoor, moet hy die geluid van die dier maak;
- Laat u kind na ‘n storie luister. Elke keer as hy ‘n spesifieke woord hoor, moet hy/sy hande klap. (Gee hom vooraf die woord waarna hy moet luister). Later kan na ‘n ander woord omgeskakel word.

iii <u>Klank het betekenis</u>

- Leer hom dat klanke jou somtyds iets vertel, bv. ‘n wekker waarsku jou om op te staan, die geluid van ‘n aankomende motor waarsku jou om nie oor die straat te stap nie;
- Laat leerling met sy oë toe na klanke luister en dit identifiseer;
- Bespreek die geluide van: ‘n ambulans, brandweer, polisie, water wat loop, ‘n ketel wat kook, ‘n vuur wat brand, ens. met u kind.

**f) Tas- en aanrakingspersepsie**

Dit is die waarneming en interpretasie van inligting wat deur middel van die vel (aanraking) en vingerpunte (tas) na die brein gevoer word.

- Bind u kind se oë toe en plaas ‘n paar voorwerpe voor hom op die tafel. Hy voel aan die voorwerpe en sê of dit hard, sag, glad, grof, nat, droog, lig, swaar, warm of koud is.

i <u>Reukpersepsie</u>

- Bind sy oë toe en laat hy ruik aan verskillende vrugte en groente met ‘n sterk, kenmerkende geur en sê wat dit is;
- Gee aan u kind opdrag, bv. “Dink aan ‘n roos” en laat hom dan sê of dit lekker, sleg, soet of skerp ruik.

ii <u>Smaakpersepsie</u>

- Bind sy oë toe en laat hom verskillende kossoorte identifiseer deur daaraan te proe;
- Vra hom: “Wat is die verskil in smaak tussen ‘n lemoen en ‘n suurlemoen?”

**g) Ten slotte** **18.**

U, as ouer, moet nie te veel bekommerd wees as u kind sekere dingetjies nie kan doen nie. U sal ook in baie gevalle agterkom dat u kind reeds 90% van die dinge kan doen. Indien u verdere hulp en raad wil hê, word u uitgenooi om dit met die klasonderwyseres te bespreek. Sy sal gretig wees om u met die nodige bystand en raad te bedien.

Die belangrikste wat u moet onthou is u kind se selfbeeld.

Vir enige persoon is dit goed om ‘n positiewe beeld of opinie van homself te hê.

Iemand met ‘n positiewe selfbeeld voel goed oor homself, voel dat hy in staat is om dinge te doen en waag dan ook om nuwe uitdagings aan te pak.

U moet ingestel wees om u kind goed te laat voel oor wie hy is en wat hy kan doen. Elke kind het ‘n veilige ruimte nodig om ‘n positiewe selfbeeld te ontwikkel. So ‘n veilige ruimte word geskep wanneer daar in sy basiese behoeftes aan voedsel, kleding, veiligheid en liefde voorsien word.

Leer ontdek teen ‘n stadige pas saam met u kind.

Moenie hom dinge toevoeg wat sy menswaardigheid aantas deur dinge te sê wat hom sal seermaak of minderwaardig laat voel nie.

U kind hou van herhaling, want dit gee vir hom ‘n gevoel van geborgenheid.

Indien hy geborgenheid en aanvaarding binne die gesin beleef, sal hy bereid wees om ook buite gesinsverband sosiale verhoudinge aan te knoop.

## 21. BABAGROEP

Die dame in die babagroep sal elke oggend om 7:00 by die skool wees. Die oggend- en middag personeel sal om 13:00 skofte ruil en laasgenoemde sal tot 17:30 by die skool wees. U moet self u baba se bottels maak (genoeg vir die dag) en duidelik merk.

Indien u kleuter nog nie die skool se spyskaart kan volg nie, moet u ook sy/haar kos, gemerk, inpak. Baba eet pap by die huis.

Pak asseblief genoeg ekstra klere, 3 tot 4 stelle by klein babatjies in en merk dit duidelik. So ook die borslappies.

Die babas sal daaglikse stimulasie ontvang, in die vorm van musiek, kreatiewe aktiwiteite, legkaarte, hantering van boeke, ens.

Daar sal vir elke baba ‘n daaglikse verslag in ‘n lêer ingevul word wat die volgende sal insluit naamlik: tye geslaap, etes geëet, medikasie, doekies/toiletgebruik en algemeen.

Die lêer sal dan altyd beskikbaar wees vir ouers om te besigtig.

Ons kan u verseker dat u baba liefde, sorg en stimulasie van uitstaande gehalte sal geniet.

# Geniet U kind en beleef sy wêreld saam met hom!